



BELYDENISJAAR 2018

Belangrike inligting ten opsigte
van die jaar se inhoud en
program

BAIE WELKOM in jou belydenisjaar! Ons glo hierdie jaar gaan vir jou 'n wonderlike jaar van groei wees. Ons wil jou uitnooi om alles wat jou belydenisjaar vir jou bied te omarm en te geniet.

Daar is 'n paar sake wat vir jou en jou ouers belangrik is om te weet. Ons belydenisprogram bestaan uit 'n verskeidenheid aktiwiteite. Dit is belangrik om van alles vroeg kennis te neem sodat jy jou datums kan beplan.

1. Belydenisprogram

Ons is **baie opgewonde** om hierdie volgende deel van jou geloofsreis saam met jou te stap. Die belydenisprogram strek oor 'n jaar. Daar is verskeie belangrike geleenthede wat jy tydens hierdie jaar nie mag mis nie:

A. Belydeniskursus

Lynnwood se predikante is verantwoordelik vir die Belydeniskursus. Jy gaan deur die jaar 25 verpligte kontaksessies saam met die predikante hê. Hierdie sessies vind op Sondag direk na die aanddiens om 19:00 plaas. Die sessies is as volg ingedeel: 1ste kwartaal (8 kontak-sessies); 2de kwartaal (7 kontaksessies), 3de kwartaal (7 kontaksessies en 'n uitreik) en 4de kwartaal (2 kontaksessies). Sommige van hierdie kontaksessies gaan in die grootgroep plaasvind. Kyk gerus na die jaarprogram op die laaste bladsy vir meer inligting.

B. Belydeniskamp

Die belydeniskamp is verpligtens. Die kamp word deur die jeugpersoneel en die predikante aangebied. Die kampreëlins is as volg:

Vertrek: Saterdag, 3 Februarie 2018, om 07:00 vanaf die kerk se parkeerterrein.

Koste: R730 per persoon

Terug: Sondag, 4 Februarie 2018, om 15:00 by die kerk

Terrein: Bayete adventure centre (net buite Modimolle)

Wat moet jy saambring: Bybel, pen, beddegoed, warm baadjie, swemklere, hoed, handdoek, muskiet- en sonbrandroom, ou klere, stapskoene en jou musiekinstrument (indien jy een kan speel).

Indien die koste van die kamp 'n probleem is – kom gesels asseblief. Vul asseblief die inskrywingsvorm in en besorg dit terug aan die kerkkantoor voor **28 Januarie 2018**. Vir enige navrae kontak vir Fay van Eeden (083 478 0854).

C. Mentorskap

Elke jongmens wat belydenis wil aflê in 2019 moet deur die loop van 2018 by hierdie program inskakel. So 'n mentorskapverhouding is slegs sinvol indien dit oor die minimum van 'n jaar loop. Die klem van hierdie mentorskapsverhouding moet veral lê by die geestelike leiding en lewensondersteuning op die pad na sy/haar belydenis van geloof.

Daarom verwag ons dat elke Graad 11 'n mentor sal identifiseer wat saam met hom/haar 'n jaar lank 'n pad van begeleiding kan stap.

Wie kan 'n mentor wees?

Verkieslik moet 'n mentor iemand wees wat kan optree as 'n gespreksgenoot en 'n reisgenoot. Die persoon moet dus iemand wees wat al 'n entjie op die lewenspad gestap het, volwasse is in sy/haar geloof en voel hy/sy kan 'n Graad 11 bystaan.

Ons sal aanbeveel dat jy iemand vra wat ouer as jy is om jou mentor te wees. Dit is baie belangrik dat jy gemaklik is met die persoon en bereid is om saam met die persoon 'n pad te stap. Ons sal verkies dat jy nie jou ouers vra om jou mentor te wees nie. Ouers tree reeds op as mentors en baie ouers vertel dat dit vir hulle moeilik is om rolle te onderskei by die huis.

'n Paar gedagtes oor moontlike mentors:

- Baie jongmense kies 'n ander familielid soos 'n ouer broer of suster, tannie of oom. Ons beveel aan dat dit iemand is wat in die Pretoria omgewing woon.
- Party jongmense kies onderwysers, predikante (van 'n ander gemeente) of ander persone wat 'n rol in hulle lewe speel.
- Jongmense kan ook studente kies, maar **nie** van die teenoor-gestelde geslag **nie**. Ons vind dit help in die geval van jonger persone om eerder iemand van dieselfde geslag te kies.
- Daar is wonderlike lidmate hier in Lynnwood wat ook so 'n rol kan vervul. Kom gesels as jy nie weet wie om te vra nie.

Hoe kies ek 'n mentor?

Elke graad 11 kies self hulle eie mentor. Jy het tot **4 Februarie 2018** om jou mentor te identifiseer. Die predikant aan wie jy dan toegewys word moet jou mentor-keuse goedkeur. As jou predikant tevrede is met jou keuse word die mentor deel van ons program. Indien jy met die keuse sukkel kom gesels gerus.

Wat verwag ons van 'n mentor?

Die mentor moet bereid te wees om hom-/haarself tot die volgende te verbind:

1. Om vir die tydperk van **Februarie 2018 tot November 2018** op te tree as 'n graad 11 mentor.
2. Om in hierdie tyd ten minste **1 keer per maand** met die graad 11 'n gesprek te voer. Die inhoud van die gesprek sal ons nog bespreek.
3. Om die mentor-kursus by te woon. Die graad 11's woon nie hierdie gesprek/kursus by nie. Die kursus kan bygewoon word deur mentors op een van twee geleenthede.
4. Om **eenmaal per kwartaal** 'n kort terugvoer te gee oor die vordering d.m.v. 'n oproep of 'n e-pos.

Ons vra dus nie te veel nie, maar ook nie te min nie. Op dié wyse is die proses informeel, maar ook gestruktureerd. Die proses is nie opsioneel nie. Indien jy in 2019 belydenis wil aflê moet jy en jou mentor julleself van die begin af volkome hieraan verbind. Kontak gerus vir Fay indien jy enige vrae het.

D. Uitreik

Jy moet deur die loop van die jaar iewers op een van die uitreike wat die gemeente aanbied gaan. Daar is baie uitreike wat slegs 'n paar uur se tyd sal verg, maar jy kan ook kies om op 'n langer uitreik te gaan.

E. Diens aan en binne die gemeente

Ons vra dat elke belydenisgroep 'n paar keer gedurende die jaar diens doen binne die gemeente. Hierdie diens sal op verskeie praktiese maniere gedoen word, byvoorbeeld die bediening van nagmaal, kollekte opneem, verwelkoming by die deure voor eredienste, help om kombuis op te ruim na die aanddiens ens.

2. Belydenisaflegging

In Graad 11 voltooi jy die belydenisjaar. Wanneer jy dan gereed voel om die keuse te maak om belydenis af te lê kan jy dit by een van drie geleenthede doen. Vir elke belydenisafleggingsgeleentheid is daar 'n sluitingsdatum waarteen jy kan aansoek doen om by daardie spesifieke geleentheid belydenis van geloof af te lê. Vir die aansoek moet die volgende ingehandig word:

1. 'n Aansoekvorm met besonderhede
2. 'n Aansoekbrief waarin jy motiveer waarom jy graag belydenis wil aflê
3. 'n Kort verslaggie van die mentor oor die jaar se mentorverhouding
4. 'n Doopseël, indien dit nie reeds by NG Lynnwood is nie, of die naam van die gemeente waar jy gedoop is.

Datums van 2019 se belydenisgeleenthede sal op die kalender wees. Alle korrespondensie en aansoeke vir belydenisaflegging word deur die kerkkantoor ontvang en hanteer.

3. Kontakbesonderhede

As jy onseker is oor enige iets kontak gerus vir Fay van Eeden:

083 478 0854

faycve@gmail.com

Ons bid dat hierdie jaar vir jou 'n opwindende tyd saam met die Here en mekaar gaan wees.

Groete

Die Predikantespan

BELYDENISKLAS - JAARPROGRAM 2018

21 Januarie		Opening en inligtingsessie	GG
28 Januarie	Kies jou mentor	Groepsindeling en kenmekaar	KG
04 Februarie	Kies jou mentor	GEEN AGV KAMP	
11 Februarie		Die Drie-eenheid	KG
18 Februarie		Genade en vergifnis	KG
25 Februarie		Kursus #1: Wie is ek?	GG
4 Maart		Kursus #1: Wie is ek?	GG
11 Maart		Kursus #1: Wie is ek?	GG
18 Maart		Kursus #1: Wie is ek?	GG
25 Maart		Hoekom gebeur slegte goed met goeie mense? (Teodisieë en lyding)	KG
01 April	Skoolvakansie	GEEN	
08 April	Skoolvakansie	GEEN	
15 April		Die Bybel: Rol, interpretasie en geskiedenis	KG
22 April		Die Bybel in geestelike oefeninge	KG
29 April	Langnaweek	GEEN	
06 Mei		Gebed	KG
13 Mei		Ander geloofsgewoontes	KG
20 Mei		Verskillende kerkgroepe	KG
27 Mei		Ander godsdienste	KG
03 Junie		Sê jou sê, vra jou vraag	KG
10 Junie	Eksamen	GEEN	
17 Junie	Eksamen	GEEN	
24 Junie	Skoolvakansie	GEEN	
01 Julie	Skoolvakansie	GEEN	
08 Julie	Skoolvakansie	GEEN	
15 Julie	Skoolvakansie	GEEN	
22 Julie		Kursus #2: Spiritualiteit van die lewe	GG
29 Julie		Kursus #2: Spiritualiteit van die lewe	GG
05 Augustus		Kursus #2: Spiritualiteit van die lewe	GG
12 Augustus	Langnaweek	GEEN	
19 Augustus		Om met wysheid te leef...	GG
26 Augustus		Ons roeping: Om God se koninkryk te vestig ('n Lewegewende gemeente)	KG
02 September		BELYDENISKLAS-UITREIK	GG
09 September		Die groeipad vorentoe	GG
16 September		Mentorsessie met graad 7's	GG
23 September	Langnaweek	GEEN	
30 September	Skoolvakansie	GEEN	
07 Oktober	Skoolvakansie	GEEN	
14 Oktober		Belydenisaflegging: wie, wat en hoe?	KG
21 Oktober		Afsluiting en kuier	GG

KG – KLEINGROEP SAAM MET BETROKKE PREDIKANT

GG – GROOTGROEP IN KOINONIA

